

1 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Johannes 3
Fokusgedeelte 2 Johannes 3

Genade, barmhartigheid en vrede vir die wat in die waarheid lewe

Ons lewe in 'n wêreld waar die mens se postmoderne manier van dink kernwaarhede van die Christelike geloof in twyfel te trek. Die maagdelike geboorte van Jesus en sy fisiese opstanding uit die dood word as deur baie as onsin afgemaak. Mense se soeke na wetenskaplike bewyse om geloof te regverdig, lei dikwels daartoe dat hulle die waarheid van die Christelike geloof vir die leuens van die misleiers van die wêreld verruil. Die kerk waarvan ons lees in die Nuwe-Testament was met baie dieselfde dwaalleer gekonfronteer. Johannes skryf dan ook aan 'n gemeente om hulle hierteen te waarsku.

Johannes se seëngroet is tipies aan eerste-eeuse manier van briefskryf, maar dit bevat ook 'n noemenswaardige gerusstelling vir die lesers. Die gerusstelling was nodig, omdat die Christene vervolging in die gesig gestaar het, en daar was dwaalleer verkondig dat Jesus nie die Christus was nie. Die kerk het baie moeilike tye en onsekerhede beleef, daarom begin Johannes sy brief met die bemoediging: “Die genade, barmhartigheid en vrede wat van God die Vader kom en van Jesus Christus, die Seun van die Vader, sal by ons wees wat in die waarheid en die liefde is.”

Buiten die bevestiging wat die teks bevat, impliseer dit wel ook 'n dankbaarheidsgebed. “Genade” dek die sonde van die mens, en “barmhartigheid” dek die mens se ellende. “Genade” moet eers die mens se skuld wegneem voordat sy ellende deur “barmhartigheid” verlig kan word. “Vrede” is die gevolg van genade en barmhartigheid. Geloof in God verseker blywende vrede. Geloof in die genade en barmhartigheid van God, wat fisies in Jesus Christus aan die kruis uitdrukking gevind het.

Johannes eindig die seëngroet met “ons wat in die waarheid en liefde is”. Hiermee bevestig hy dat die gelowiges die vrede van God sal ervaar omdat hulle in Hom is. Hy is die waarheid, en as gelowiges deel ons in Jesus se dood en opstanding, en omvou sy liefde ons sodat ons in Hom is. Alleenlik in die sfeer van die waarheid en liefde kan barmhartigheid en vrede waarlik beleef word.

Sing: Psalm 84:6

Teologiese Student Jan-Louis Coetzer